

# basic education

Department:  
Basic Education  
**REPUBLIC OF SOUTH AFRICA**


## NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3  
NOVEMBER 2022

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.



## INSTRUKSIES EN INLIGTING

- Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings.  

AFDELING A:	Opstel	(50)
AFDELING B:	Lang transaksionele teks	(30)
AFDELING C:	Kort transaksionele teks	(20)
- Beantwoord EEN vraag uit elke afdeling.
- Skryf in die taal wat geassesseer word. Vermy sms-taal.
- Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
- Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart, vloeidiagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
- Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Daar word aanbeveel dat jy 'n streep deur alle beplanning trek.
- Beplan jou tyd só:  

AFDELING A:	80 minute
AFDELING B:	40 minute
AFDELING C:	30 minute
- Nommer die skryfstukke korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
- Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk neer.
- Die titel word NIE in aanmerking geneem wanneer die woorde getel word nie.
- Skryf netjies en leesbaar.



**AFDELING A: OPSTEL****VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe in VRAAG 1.1 tot 1.8.
- Skryf die vraagnommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan. By vraagnommer 1.6, 1.7 of 1.8 moet jy jou eie TITEL gee. Jou opstel moet met die prent verband hou.

1.1 Dit was die gelukkigste dag van my lewe [50]

1.2 Dis lekker om 'n tiener te wees [50]

1.3 Verandering is 'n goeie ding [50]

1.4 Water is belangriker as elektrisiteit [50]

1.5 Respek [50]

1.6



[Bron: [Google Images](#)]

[50]





**AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS****VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

**2.1 INFORMELE BRIEF**

Jy wil jou beste maat vertel wat jy beplan om ná jou graad 12-jaar te doen.

Skryf 'n INFORMELE BRIEF aan jou maat.

**[30]****2.2 INFORMELE VERSLAG**

Een van jou klasmaats het 'n venster van die skoolhoof se motor stukkend geslaan. Jy het gesien wat gebeur het. Die skoolhoof het vir jou gevra om 'n verslag te skryf oor wat jy gesien het.

Skryf die INFORMELE VERSLAG.

**[30]****2.3 HULDEBLYK**

Die sekuriteitswag by jou skool is onlangs oorlede. Hy/Sy het jare lank vir die skool gewerk. Die skool hou 'n gedenkdienste vir die sekuriteitswag. Die skoolhoof het vir jou gevra om 'n huldeblyk namens die leerders te lewer.

Skryf hierdie HULDEBLYK.

**[30]****2.4 DIALOOG**

Jou ma het gehoor hoe onderwysers oor party leerders se swak maniere by die skool kla. Jy en jou ma gesels oor hierdie probleem.

Skryf die GESPREEK tussen jou en jou ma neer.

**[30]****TOTAAL AFDELING B: 30**

## AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS

### VRAAG 3

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

#### 3.1 PLAKKAAT

Jy wil gedurende Desember en Januarie mense, wat met vakansie weg is, se huise en troeteldiere oppas. Jy wil 'n plakkaat ontwerp om jou dienste te adverteer.

Ontwerp die PLAKKAAT.

[20]

#### 3.2 KORT TEKSBOODSKAP (WhatsApp)

Jou beste maat het die volgende teksboodskap vir jou gestuur:

Goeiemôre! Ek het met my ouers oor ons twee se verhouding gepraat. Hulle hou nie baie daarvan nie. Wat moet ons nou doen? 🤔 20:00

Jy stuur vir jou maat 'n boodskap terug waarin jy jou opinie gee.

Skryf hierdie KORT TEKSBOODSKAP neer.

[20]

#### 3.3 INSTRUKSIES

Jy het 'n suksesvolle skoolloopbaan gehad. Die graad 8-leerders vra vir jou om vir hulle instruksies te gee oor wat hulle moet doen om jou voorbeeld te volg.

Skryf die INSTRUKSIES puntsgewys en in volsinne neer.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20  
GROOTTOTAAL: 100

